# Piekfyn Afrikaans Leesboek – memorandums

In die *Leesboek* gaan leerders legendes, mites, sprokies en vertellinge beleef wat hulle op nuwe avonture gaan neem en laat regop staan. Daar is ook dramas wat hulle in groepe kan beurtlees of opvoer, gedigte wat hulle kan lees vir genot en selfs saam met hulle maats kan dramatiseer. Dalk word van hulle 'n skrywer en gee die boek vir hulle 'n paar goeie idees vir hul eie skryfwerk! Al hierdie lekker leeswerk gaan die leerders help om Afrikaans spoggerig en vlot te lees.

# Volksverhale

Behandel die teorie oor volksverhale met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en verhaalelemente aan hulle.

## Kaninu se geheim [p. 5]

### Moontlike antwoorde

1. Die natuur
2. Kaninu se verhaal speel af in 'n tradisie waarin slegs vroue potte bak.
3. Die les is dat wanneer Kaninu groot is, hy baie krag sal hê maar hy moet daardie krag net gebruik om goeie dinge te doen anders sal daar groot droefheid kom.
4. Dit beteken "vrede vir jou, my kind".
5. Kaninu se mense is tradisioneel en plant self hulle kos.
6. Nee, daar gebeur ook dinge wat in die werklike lewe onmoontlik is, maar dit is 'n baie ou verhaal en wetenskapfiksie is nie oud nie.
7. a) Die tradisionele voorwerp is 'n soort trom.
   b) Bongo is 'n taal wat in Sentraal-Soedan gepraat word.
8. Enige goed gemotiveerde antwoord.

## Die groot dors [p. 15]

### Moontlike antwoorde

1. Daar was baie bloed (omdat daar nie fonteine en riviere was nie, het die diere mekaar se bloed gedrink).
2. Die diere kan praat. 'n Olifant se liggaam is te groot dat 'n slang se gif hom kan doodmaak en sy vel is te dik vir 'n slang om sy tande daarin te slaan. Die sterre "staan" uit hulle "lê plekke" op.
   Olifant gaan dood maar hy staan weer op en hy word bome en vrugte. 'n Slang kan nie water uitspoeg soos in die verhaal nie.
3. Dit word nie deur 'n lidwood ("'n" of "die") voorafgegaan nie en funksioneer dus as eiename.
4. Valk jag bedags en Aasvoël jag nie lewende diere nie maar leef van diere wat reeds dood is.
5. Onselfsugtigheid kan vrede bewerkstellig.
6. Olifant, want hy het sy lewe gegee.
7. Dit is 'n baie ou verhaal. Dinge gebeur wat nie in die werklike lewe moontlik is nie. Dit bied 'n verklaring van hoe water ontstaan het. Die diere het menslike eienskappe want hulle kan praat en vertoon menslike emosies. Dit is nie 'n besonder spannende verhaal nie. Dit word in die derde persoon vertel.
8. Nee, dit was nie hulle skuld nie want die verhaal beskryf 'n verbeelde wêreld waarin daar nog nie strome en fonteine was nie.
9. Ja, dit is die mens se skuld want die aarde se bronne word uitgeput deurdat die mens water besoedel met myne en riool sonder om die water te suiwer.

## Die boodskap [p. 19]

### Moontlike antwoorde

1. Net soos ék doodgaan, maar weer lewe, so sal julle ook doodgaan, en weer lewe.
2. Die maan gaan nie regtig dood nie, dit lyk net asof die maan verdwyn want die aarde se skaduwee val op die maan. Van die aarde af sien ons dan eers net 'n halwe maan en later 'n sekelmaan. Wanneer die maan weer uit die aarde se skaduwee beweeg, lyk dit asof die maan weer "groei", oftewel lewe.
3. Die voëltjie genaamd kelkiewyn, die gemsbok en die haas.
4. Die kelkiewyn het gevlieg en Luis het afgeval. Die gemsbok het in 'n ander rigting gewei as wat Luis moes gaan. Haas het vergeet wat die boodskap was en toe die verkeerde boodskap gaan aflewer.
5. Wanneer 'n belangrike taak aan jou toevertrou word, moenie so belangrik raak dat jy nie die taak uitvoer nie.
6. Maan het telkens gehoor hoe huil die mense en geweet haar boodskap is nog nie afgelewer nie.
7. Hoe meer haas, hoe minder spoed.
8. Hulle sê daarmee hulle rou.
9. Vermeld diere, plante, mense, stof, maan.
10. Enige drie sinne waarin daar goed gemotiveer word waarom die taal of inhoud bekoorlik is.

## Reën en vuur [p. 24]

### Moontlike antwoorde

1. Dit is 'n verhaal wat reeds generasies lank in die Damara-kultuur vertel word en Linda Rode het dit opgeteken. Sy is dus nie die skrywer van 'n nuwe verhaal nie maar die optekenaar van 'n verhaal wat reeds vertel is.
2. Reën en Vuur
3. Reën en vuur
4. Vuur wen want Reën en Wind moet toegee Vuur is sterker as hulle.
5. Die Damaras woon in Namibië.
6. Reën se stem laat ons dink aan die silwerige voorkoms van reënwater en Vuur se stem laat ons dink aan die rook van vuur en die sisgeluid wat 'n vuur maak.
7. Enige van die volgende vir Reën en vir Vuur: Reën is vroulik want ons lees, "O," het Reën met haar waterige, silwerige stem gespog . . ./"Nou kom laat ons sien," sê Reën. En sy jaag al die swaarste wolke bymekaar./Reën laat sak haar kop en sê: "Ja, so is dit." En sy gaan ver bo die wolke wegkruip. Wind is manlik: "Toe kom Wind verby. Hy kyk vir Vuur en hy kyk vir Reën en hy sê: . . ./"Ja, so is dit dan," sê Wind en waai homself ver weg van Vuur./". . . Vuur, maar roep darem gou sy vlamme terug voor hulle vir Skilpad kan skroei."
8. Nee, dit is nie 'n besonder spannende verhaal nie want ons weet natuurkragte is op verskillende stadiums sterker as die ander. In hierdie verhaal is wel 'n verrassende einde wanneer Vuur tog die sterkste blyk te wees maar dit skep nie dramatiese spanning nie.
9. Water veroorsaak vloedskade en tsoenami's het al baie lewens geëis. Wind jaag vuur aan en veroorsaak wegholbrande. Wind sonder vuur kan ook groot skade aanrig wanneer dit 'n orkaan of 'n tornado word want dit waai huise en motors weg en laat treine ontspoor. Gewoonlik gaan sterk wind saam met vloede of groot brande omdat die een die ander aanhelp.

## Die verkeerdom dorpie [p. 27]

### Moontlike antwoorde

1. Vroue en meisies vleg mandjies en vang vis. Seuns en mans haal heuning uit.
2. In al twee dorpies sit die mans saans en stories vertel om die vure. Die vroue vertel in die hutte stories vir die kinders en jong meisies.
3. Nee, Riska voel nie soos Dinja nie want Dinja wou saam met haar broers gaan heuning uithaal wat in hierdie dorpie manswerk is. Riska hou nie van bye nie en wil nie ook gaan heuning uithaal nie.
4. Enige betekenis wat daarop neerkom dat 'n persoon hom of haar beywer vir gelyke regte vir vroue sonder enige diskriminasie.
5. Dinja; sy wil dieselfde werk as mans en seuns doen want dit lyk uit die verhaal asof sy meen dit is nie regverdig dat seker werk vir mans en ander vir vroue gereserveer word nie. Vusala sal ook as 'n feminis beskou kan word omdat hy vroeg in die verhaal ook meen daar moenie vir vroue en mans aparte werk gereserveer word nie.
6. Nee, want aan die begin verhaal lees ons Dinja was 'n meisie en later in die verhaal lees ons die mense in die verkeerdom dorpie stry oor of sy 'n man of vrou was.
7. Tradisies bly gewoonlik dieselfde in een gemeenskap wat nie kontak met ander gemeenskappe het nie. Maar in 'n ander gemeenskap kan daardie tradisie presies die teenoorgestelde as in die bekende gemeenskap wees.
8. Ja, daar gebeur iets verrassends. Dinja is 'n eers 'n meisie en dan hoor ons daar is nie sekerheid of sy 'n meisie was nie. Vusala verlaat Riska maar hy keer terug. Tradisies is blykbaar nie altyd reg nie want in 'n ander gemeenskap kan daardie tradisie juis andersom wees. Vusala het dalk gedink hy sal met ope arms in die verkeerdom dorpie verwelkom word maar hy word aan hande en voete daar uitgegooi omdat hy vir hulle tradisie lag. Vusale gaan soek na iets anders as wat gebruiklik is in sy dorpie en hy dink dit sal beter wees maar dit is nie vir hom beter nie.
9. Riska is 'n gehoorsame meisie wat die tradisie in haar gemeenskap onderhou en eerbiedig. Sy is vergewensgesind want sy is hartseer wanneer Vusala haar verlaat maar sy bly na hom verlang en neem hom terug toe hy terugkeer na hulle dorpie en na haar toe.
10. Vusala is avontuurlustig en hy kan geniepsig wees want hy sê in die begin van die verhaal vir Riska hy gaan vir hom 'n vrou soek wat nie soos sy is nie. Hy leer egter uit sy foute want hy het die moed om sy fout te erken en terug te keer na sy dorpie toe.

# Kortverhale

Behandel die teorie oor kortverhale met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en verhaalelemente aan hulle.

## Die leeujagters [p. 35]

### Moontlike antwoorde

1. Ons lees dat hulle altyd saans in die buitelug by 'n vuur eet.
2. Die skade was groot omdat die rooibont ooi altyd tweelinge gedra het.
3. Sy pa sal nie Natuurbewaring se hulp inroep nie, want die leeu het reeds te veel skade aangerig.
4. Hy bedoel daar moet meer as een mens op die uitkyk vir die leeu wees.
5. Die stukke vel moes as aas dien om die leeu na die kraal te lok.
6. Die leeuwyfie het gaan stilstaan en stip gestaar na die skerm waar die twee mense skuil.
7. "Sy pa laat sak die geweer stadig tot op die grond."
8. Sy pa het net soos hy gesien hoe mooi die dier is en dat sy nog jong kleintjies het wat aan haar drink. Hy was jammer vir die wyfie en haar welpies.
9. Die "jagters" gaan uit om 'n leeu te jag, maar op die laaste oomblik besluit die pa om nie te skiet nie. Dit is nie gewoonlik hoe 'n jagverhaal verloop nie.
10. Nee, dit beteken miskien die teenoorgestelde; hulle ken mekaar so goed dat hulle nie baie hoef te praat nie.

## Die laaste skooldag [p. 42]

### Moontlike antwoorde

1. Hy was nie lus vir die uitpakkery in die nuwe huis nie.
2. Daar is nie 'n skool in hul dorp nie; die skool in hul dorp het gesluit.
3. Die ou skool waar die kinders verdrink het.
4. Buks is bang/skrikkerig vir spoke; Andries en Jak is nie bang vir spoke nie.
5. Die aand is meer skrikkerig/vreesaanjaend.
6. Hy het die sleutel van die slot van sy fiets in die skool verloor.
7. Op Jak se tong.
8. Hy het 'n meisie vol groen alge en wurms in haar oë gesien.
9. a) Vergelyking
   b) Skep spanning
10. Kyk na gemotiveerde respons van leerders.

## Ses [p. 50]

### Moontlike antwoorde

1. Hy het dit langs die krieketveld opgetel toe hulle teen Laerskool Jan van Riebeeck gespeel het.
2. Sy weet nie wat die verskil tussen 'n ses of 'n vier is nie.
3. Die meisies/vroue is beter as seuns om 'n bal te vang; meisies/vroue is vinniger, slimmer op skool, word gouer groot, weet van allerhande dinge.
4. Die seuns wil nie hê sy moet boul nie en sy moet net veldwerk doen.
5. Sy hou van krieket speel./Sy wil bewys dat sy netso goed of beter as hulle 'n bal kan vang.
6. Hy hou nie van meisies wat saam krieket speel nie./Hy is ongevoelig teenoor meisies./Hy beskou meisies as sy mindere.
7. Verskeidenheid van moontlike antwoorde.
8. Dit beskryf haar ervaring van krieket speel saam met die seuns: son – warmte en lig; 'n klip – hard, nie tegemoetkomend nie; engel – beskerming/blye boodskap/vreugde omdat sy hulle 'n ding kan wys.
9. Kyk na gemotiveerde respons van leerders.

## Oupa Job kom terug [p. 55]

### Moontlike antwoorde

1. 300 v.C in Egipte
2. Sodat hulle nageslagte kan sien hoe hulle kultuur lyk.
3. Hulle het geglo dit is heilig en mag nie versteur word nie.
4. a) In 'n trommeltjie.
   b) In die museum in Egipte het Simon se oupa geleer dat dit belangrik is om te weet waar 'n mens vandaan kom en wat jou kultuur is en om jou kultuurskatte te bewaar.
   c) Hy was 'n held in die Tweede Wêreldoorlog. Sy oupa is gevang deur die Duitsers. Hy is aangehou op 'n Duitse skip. Hy en sy makkers het ontsnap nadat hy brandstofdromme aan die brand gesteek het.
5. Juffrou Selati het gesê dat museums in die Westerse kultuur onstaan het en Afrikagoed nie inpas in 'n museum nie.
6. In sy sak is dit veilig.
7. Dapperheid/heldhaftigheid
8. Simon se oupa was bekend by die kurator en gids oor sy dapperheid.
9. Sy oupa se medaljes is uitgestal in die museum en Westerse en Afrikulture kom bymekaar.
10. Gemotiveerde leerderrespons

## Die krokodilletjie [p. 63]

### Moontlike antwoorde

1. a) Adjudant Havenga
   b) Aan Pieter Abel
   c) Figuurlik
2. Magriet Greyling het 'n krokodilletjie op haar skouer laat tatoeëer. Haar ma, Magriet Greyling, is onsteld daaroor. Magriet gaan sien vir adjudant Havenga van die polisie om te help. Verskeie pogings word aangewend om Magriet te oortuig om die krokodilletjie te verwyder.
3. Pieter Abel en Magriet Greyling raak verlief op mekaar.
4. a) Hy het een Sondag oor die liggaam as tempel van God gepreek.
   b) Nee. Die dominee het hulle dopgehou, maar hulle het nie 'n woord gehoor nie en was besig om vir mekaar te loer.
5. a) Adjudant Havenga en Gezina het besluit om na die Oujaaraanddans toe te gaan waar Pieter en Magriet ook was. Hulle het denimklere aangetrek en albei het 'n krokodilletjie met kokipen op hulle skouers aangebring. Magriet het dit as 'n verleentheid ervaar.
   b) Ja. Na die episode verwyder Pieter en Magriet hul krokodilletjie op hul skouers met laserbehandeling.
6. Pieter en Magriet word dadelik verlief as hulle mekaar sien. Adjudant Havenga en Gezina raak eers verlief na hul plan om na die Oujaarsaanddans te gaan waar Pieter en Magriet ook was.
7. Gee leiding wanneer leerders briewe skryf.

# Gedigte

## Seekat [p. 72]

### Moontlike antwoorde

1. Sy het gevra vir "enige soort kat" en iemand het verstaan 'n seekat is ook 'n kat.
2. Die mense fluister: "Iets is nie pluis;/"How awesome, gee whiz!"
3. Agt arms
4. Inkvis. Hy sal dus sy "ink" kan gebruik om skriftelike werk te kan doen.
5. "hê/gesê/verstaan/aan"
6. aa/bb/cc/dd/ee/ff/gg/hh/ii/jj/kk/ll/ll
7. Boet. "Calamari" is 'n ander woord vir seekat wat as 'n dis berei word. Hy het die seekat dus gaargemaak.
8. "Pa gaan koop gou 'n goudgeel kanarie."
9. "vanaand eet ons . . . calamari!"

## Muskietejag [p. 76]

### Moontlike antwoorde

1. Nee. In versreël 22 lees ons "Daar gaan hy weer!"
2. Deur sy gonsery en sy plaery.
3. Ander muskiete
4. 'n Aria is 'n sangstuk en die muskiet "sing" ook.
5. "Kreng" is 'n ander woord vir die karkas van 'n verrottende dier en die spreker hoop die muskiet sal gou dood wees en verrot.
6. aabaab/ccdeed/ffghhg/iidjjd.
7. Hy maak gebruik van rymdwang, dit wil sê hy gebruik woorde wat sintakties "verkeerd" is sodat die versreëls kan rym.
8. Die muskiet het weer weggekom.
9. Dit het 'n vaste rymskema en strofebou.

## Spinnekoppie [p. 79]

### Moontlike antwoorde

1. Anders as die swartweduwee doen hierdie spinnekoppie niemand enige kwaad nie. Sy vergelyk hom met 'n soetrissie wat 'n soet smaak het – dus 'n positiewe beskrywing.
2. Die spinnekoppie is baie klein, dus net 'n stippie, 'n kolletjie.
3. Wimpers.
4. "Op die jammer papier."
5. In versreël 1 hardloop die spinnekoppie nog, in versreël 5 het daar net 'n smeerseltjie van hom oorgebly. Sy het hom per ongeluk doodgedruk.
6. Dit het nie 'n vaste rympatroon nie.

## Ouma [p. 81]

### Moontlike antwoorde

1. "bruin bottels"
2. BMW's
3. Die dubbelpunt
4. Oor die badimo, die voorvaders
5. "ons luister nie meer nie".
6. Hulle is ongelukkig oor die mense van vandag se leefwyse.
7. "ons luister nie meer na die mokgalabje se stories van ons badimo nie"

## Sprokie vir 'n stadskind [p. 84]

### Moontlike antwoorde

1. Nee, daar is niks anders as 'n neonreënboog in die stad nie, dit is tweede beste.
2. Die spreker verlang na die veld want hy verwys byvoorbeeld na kunsmatige "kranse van beton". Hy waarsku ook "Maar hier moet jy jou nimmer laat bind". Plus enige ander voorbeelde wat daarop dui dat hy die kind aanraai om iets buite die stad te gaan soek.
3. Die sprokie dat mens 'n skatkis aan die reënboog se punt sal vind, is baie oud. Die goeie ou tyd is verby en die stad het die veld verdring.
4. Enige van die volgende: Daar is nie tussen al die geboue sonlig in die stad wat op die rivier kan weerkaats nie (versreël 20: "dalk 'n brokkie son"). Daar is ook nie sterre om op die rivier te weerkaats nie want ons lees van 'n "sterrelose hemel". Swart is 'n kleur wat vir baie mense morbiditeit en rou simboliseer. Kan ook na teerstrate verwys.
5. Beton en hoë geboue
6. In versreël 12 lees ons "sal jy dalk daar kom".
7. Enige van die volgende: Want dan sal die kind dalk nie die moed hê om verder te gaan nie; daar wag "tien duisend ure" se reis. Dit is nie seker dat die kind die neonboog se punt sal vind nie ("dalk" in versreëls 12, 19, 20). Die reis sal nie net 'n dag duur nie en baie vermoeiend wees want "eenmaal" verwys na "eendag", nie na "een keer" nie.
8. Die neonligte maak die uitspansel se ligte dof.
9. Die rymskema volg nie 'n patroon nie, dit is abcb/cccd/efef /cccd/efef.

## Krokodildraadwerk [p. 87]

### Moontlike antwoorde

1. Die krokodil
2. Hy het draadjies in sy tande. Sy arms is nie lank genoeg om sy tande by te kom nie en sy vingers is dom.
3. Nee, die verkleiningsvorm is 'n manier om te spot met 'n groot, gevaarlike dier.
4. 'n Klavier
5. Binnebande
6. abab/cded.
7. Die krokodil is 'n groot dier en "biel" verwys na iemand wat groot van gestalte is.
8. Hy het kamma draadjies aan sy tande maar hy kners ook op sy tande en hy lag nooit; hy is dus humeurig en ons verwys na 'n humeurige persoon as iemand wat vol draadwerk is.

## Drama

Behandel die teorie oor dramas met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en elemente aan hulle.

### Die teepartytjie [p. 92]

**Moontlike antwoorde**

1. Jansie
2. Hulle is by die opsigter, besig om voorberei te word vir die partytjie.
3. Albei. Roggels kan na die geluide van die gorilla verwys en Spikkels is 'n beskrywing van die luiperd se gekolde/ gespikkelde vel.
4. Hy druk liefde en vertroeteling uit.
5. Hulle is in die dieretuin gebore en ken geen ander lewe nie.
6. Kontras beteken 'n teenoorgesteldheid tussen twee sake. Die apies is wild, tergend en spelerig terwyl die sjimpansees rustiger en meer "beskaafd" voorkom.
7. Ja: sy weet nou die opsigter kan haar nie dwing om iets teen haar sin te doen nie.
   **OF**
   Nee. Pansie kan besef dat die opsigter later nie meer koekies en tee sal bring nie. (Enige gemotiveerde antwoord). Dieretuine is nodig om die voortbestaan van sekere spesies te verseker.
8. Spikkels/Roggels: hy het ruimte nodig en wil nie vasgekeer in die dieretuinhok wees nie.
   **OF**
   Hy weet hoe dit voel om vry te wees en vind dit moeilik om so vasgekeer te wees. (Enige soortgelyke antwoord)
   **OF**
   Pansie: sy wil graag die buitewêreld beleef en voel nie meer lus vir die dieretuinlewe nie.
9. Diere het die reg op hul vryheid en ons as mense is wreed om hulle gevange te hou. (Enige soortgelyke antwoord). Dieretuine is nodig om die voortbestaan van sekere spesies te verseker.
10. Gemotiveerde antwoord van leerders.

### Nkonta! – Die drama [p. 101]

**Moontlike antwoorde**

1. Wees dapper
2. Hulle is 'n inheemse Indiaan-stam in Amerika.
3. a) Seuns moet bewys dat hulle kan veg. (b) Meisies moet bewys dat hulle vroue kan wees.
4. Anders as by sommige ander stamme, word vroue gelyk behandel./ Daar word nie teen vroue gediskrimineer nie.
5. Jy moet trots wees op jou kultuur en die tradisies respekteer. Dit is dinge wat jou identiteit gee.
6. 

| **In die verlede** | **Nou** |
|---|---|
| Jy moes vir agtien dae wegbly. | Jy bly net vyf dae weg. |
| Jy mag nie ekstra klere saamneem nie. | Jy mag 'n trui saamneem. |
| Jou hele lyf is wit geverf met 'n heilige plantsap. | Jy word nie geverf nie. |
| Jy mag net plante en sprinkane eet. | Jy mag restaurantkos ook eet. |

7. Sy dink daar sal miskien meer plante wees om te eet.
8. Sy het die eienaar, Ernie, $50 betaal vir die kos wat hy vir haar gee.
9. Ja. Sy was veronderstel om haar eie kos te vind en dit moes plante en sprinkane wees. OF Nee. Sy het haar eie kos gevind en daarvoor betaal.
10. Sy het geleer dat jou kultuur belangrik is, want dit gee jou identiteit./Sy het geleer jou kultuur maak van jou die mens wat jy is.